Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 1: *B'reisheet* (בראשית) – In Die Begin

In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1 – PWL[1]

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Gen. 1:1 – OAV

Torah : **Gen. 1:1 tot 6:8**

Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10

Hernieude Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 1 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah1Notas.14.pdf of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

God is Light. God is Love. That which professes to be light yet lacks love, is not of YHVH-God; while that which calls itself love, but is not according to light is equally not of God – J. Charleton Steen.

Midrash (Torah Bespreking)

Die Bestudering van die Torah

Aan die einde van die jaarlikse Torahsiklus (parashah 54), in Deuteronomium 34, het ons gelees van die dood en die begrafnis van Moses. Terwyl ons nog hierdie gebeure vars in ons geheue het, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons in vers 1 – *In die oorsprong (in die begin) het God die hemele en die aarde geskep (geskape).* Aan die einde van die Torahsiklus keer ons terug na die begin – in die begin. Die einde van die Torahsiklus is altyd 'n geleentheid vir 'n nuwe begin en 'n nuwe geleentheid om ons Vader se hart beter te verstaan en om Sy onderrig en instruksies (Torah) meer nougeset toe te pas.

YHVH-God wat saam met Moses aan die einde van sy aardse lewe was, is ook teenwoordig aan die begin. Hierdie patroon is vir ewig gevestig. Die einde is ook die begin, want saam met YHVH is die einde altyd 'n nuwe begin. Dit is soos 'n spiraal wat ons steeds opwaarts al nader aan YHVH ons God en Vader neem!

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Volgens gebruik word parashah 54 en parashah 1 saam gelees op *Shemini Atzeret* (die Agste Dag) / *Simchat Torah* (Die vreugde in en van Torah). Die wysgere van ouds verduidelik dit soos volg:

> *Why are we accustomed to both finish and re-start the reading of the Torah on the same day? The Sages explain: "To show that the Torah is beloved to us like a new object and not like an old command which a person no longer treasures. Since it is brand new to us, we all run to greet it." We sing and dance for hours around the bima (the platform where the Torah is read), carry the Torah Scroll, and express our joy at having the opportunity to come so close to God.*
>
> *"On Simchat Torah," goes the chassidic adage, "we rejoice in the Torah, and the Torah rejoices in us; the Torah, too, wants to dance, so we become the Torah's dancing feet."*

Aan die begin van ons nuwe Torahsiklus moet ons egter ‘n oomblik verpoos en selfondersoek doen!

Die volgende teksverse spreek van die gesindheid waarmee ons Torah moet bestudeer:

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, YHVH, God van die leërskare! Jer. 15:16

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is. Hand. 17:11.

Toe het Hy vir my gesê: “Seun van ’n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra’el.”Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer. Hy het vir my gesê: “Seun van ’n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond. Eseg. 3:1 tot 3 (PWL)

Mag ons almal met hierdie Torahsiklus nuwe geestelike hoogtes bereik terwyl ons afdaal om dieper te delf op soek na YHVH se geestelike skatte! Laat ons ons bruilofskleed daagliks was met die Woord van YHVH soos in Yeshua bevestig en openbaar gemaak is! Mag Torah, en Yeshua van Torah, ons daaglikse vreugde wees!!

Tweedens moet ons in nederigheid en in afhanklikheid voor YHVH buig en onsself nie hoër ag as ons naaste nie. Ons elkeen se belydenis behoort ondermeer die volgende te behels:

- Ek dink nie dat ek beter as ander is nie.
- Ek dink nie dat ek redding verdien, terwyl ander dit nie verdien nie.
- Ek glo nie dat ek Torah-gehoorsaam moet wees om my saligheid te verdien nie.
- Ek glo dat ek, soos elkeen, slegs deur geloof in Yeshua as Messias deur YHVH se genade gered word.

- Ek dink nie dat ek alles van die Skrifte weet of verstaan nie en daarom moet ek ‘n voortdurende leerbare gees openbaar, asook in liefde ruimte maak vir die wat van my verskil.

- Ek dink nie dat ander doemwaardig is omrede hulle nie die ware Name van Vader en Sy Seun ken nie.

- Ek verlang om saam met medegelowiges tot geestelike volwassenheid te groei.

Derdens moet ons deurgaans die gesindheid van die tollenaar openbaar soos dit opgeteken is in die gelykenis in Luk. 18:10 tot 14, en dan veral kennis neem van Yeshua se woorde in vers 14 – *want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word*.

Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een ‘n Fariseër en die ander ‘n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.

Laat ons altyd die volgende onthou: YHVH weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee hy genade (Jak. 4:6).

‘n Boek Het ‘n Begin

Wanneer ons ‘n boek lees begin ons tog by die begin. Die Skrifte is die boek van YHVH aan die mens en daarom moet ons by die begin, begin. Onthou jy *The Sound of Music* en die lied *Do-re-mi*? Die woorde van hierdie lied is ondermeer: *Let's start at the very beginning; a very good place to start. When you read you begin with A-B-C. When you sing you begin with do-re-mi*. Genesis 1:1 is *a very good place to start*!! Dit gaan ons help om in die einde van dae ‘n nuwe lied te sing, asook die lied van Moses (Open. 5:9, Open. 14:3 en Open. 15:3)

Ons moet ook altyd met ons Torahstudie onthou dat die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10).

Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: ‘My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;

Wanneer ons Torah bestudeer is ons altyd op soek na ‘n patroon (siklus, templaat, bloudruk) wat YHVH vestig. Hierdie patroon is die begin van YHVH se onderrig oor ‘n bepaalde aspek en is profeties en sal altyd herhaal en vervul word. Daarom moet ons by Genesis hoofstuk 1 begin!

Genesis (*B’reisheet*), tesame met die ander vier boeke van Torah is die historiese en teologiese fondament waarop die res van die Skrifte gebou word.

Genesis (*B'reisheet*) is die eerste van die vyf boeke van Moses en het te doen met *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin voor die sondeval was. Hierdie begin is ook die uitkies van 'n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer.

Torah is die fondament waarop alle openbaringe van YHVH gebou word. Daarom is die oorhoofse doel van die bestudering van Torah om die profetiese boodskap wat daarin vervat is te verstaan en prakties in ons geloofslewe toe te pas.

> *The study of Torah is the study of God. When God revealed Himself to us, He did not give us a systematic theology, creeds, recipes or diagrams. He gave us laws. Yet they are more than just laws intended to tidy up human society. They are actual pieces of godliness. Each commandment is a small revelation of God. More than just a rule for governing human behavior, the laws of Torah are a reflection of the Lawgiver.* (*Ki Tetze*; FFOZ, 2011).

Die oorhoofse doel van Torah is om Yeshua Messias en die Koninkryk van God te openbaar!! Ons moet ook soosFilippus kan sê:

Ons het Hom gevind van Wie Moshe in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret. Joh. 1:46 – PWL.

Diegene wat deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias met YHVH versoen is, is bestem om gelykvormig te word aan die beeld van Yeshua (Rom. 8:29).

Ons insig in Torah is die fondament van ons begrip van die res van die Tanakh (die ou testament / verbond) asook van die *B'rit Chadashah* (nuwe testament / hernieude verbond). Daarom skryf Paulus in Rom. 10:4 dat die doel van Torah is Messias deur wie elkeen wat glo geregverdig verklaar word.

For the goal at which the Torah aims is the Messiah, who offers righteousness to everyone who trusts (Complete Jewish Bible)

Laastens moet ons verstaan dat die Apostels nie 'n "nuwe" evangelie verkondig het nie, maar wel 'n evangelie wat se wortels in Torah gevestig is (Joh. 1:46; Joh. 5:46; Luk. 24:24 tot 31; Heb. 4:2). Hulle boodskap was dat Yeshua van die Torah gekom het en deur Sy kruisdood en opstanding die belofte van die Messias vervul het.

In Die Begin

Soos reeds genoem, is Genesis (*B'reisheet*) die boek van die begin. So herinner Genesis ons daaraan dat elke mens ook 'n begin het en dat elkeen van homself / haarself ook kan sê: In die begin.....!!

Jy wat hierdie lees moet besef dat jou 'in die begin' was nie toe die saadsel (spermsel) van jou vader die eiersel van jou moeder bevrug het nie. Nee, want luister wat skryf Paulus in sy brief aan die gemeente van Efese:

Geseënd is die God en Vader van onse Meester Yeshua Messias wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Messias, ***soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die***

grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias, na die welbehae van sy wil. Efes. 1:3 tot 5

Hoor die Woord van YHVH wat vir jou sê dat jy *in Hom uitverkies was voor die grondlegging van die wêreld om heilig (afgesonder) en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees*. YHVH jou God en Vader het reeds voor Genesis 1:1 besluit *om jou as sy kind vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias, na die welbehae van sy wil*!! Hallelu-Yah!!! Jy het reeds voor die grondlegging van die wêreld bestaan!! Dit is jou 'in die begin'!! Jou oorsprong was reeds in Vader-God se gedagtes gevestig (beplan) voor die grondlegging van die wêreld!

Die dag toe die saadsel van jou aardse vader die eiersel van jou moeder bevrug het, het jy vlees geword in die baarmoeder van jou moeder! Dit was ook jou oomblik van 'in die begin' as vleesgeworde skepsel van jou Maker! Sowat nege maande later is jy gebore en was dit jou 'in die begin' van 'n lewe in hierdie wêreld.

In Joh. 1:3 lees ons dat alle dinge, en dit sluit jou in, ontstaan het deur die Woord van YHVH en dat sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. *You were created by God's design*!! Jy is nie 'n 'toevalligheid' of die resultaat van evolusie nie! Nee, jy is deur YHVH self beplan en uitgekies *om afgesonder en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, na die welbehae van sy wil.*

Soos jy opgegroei het, het daar 'n dag in jou lewe gekom waar die Goeie Saad van YHVH se genade in Yeshua Messias in jou hart gesaai was. Hierdie saad het die vrug van wedergeboorte voortgebring – jou oomblik van 'in die begin' van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias. 'n Nuwe begin!! Die begin van heiligmaking waarsonder jy nie jou Meester Yeshua sal sien (Heb. 12:14).

Elke Woord van YHVH wat jy ontvang om nougeset daarvolgens te handel, is saad wat die begin is van 'n uiteindelike vrugbare oes van gelykvormigwording aan Yeshua Messias. Torah is daardie saad wat in ons hart en in ons verstand gesaai word om die vrug van die Boom van Lewe voort te bring! Elke Woordsaad kan vergelyk word met 'in die begin'! Dit is die begin van 'n vrugbare oes! 'n Nuwe begin van beter begrip van die Vaderhart en van 'n meer intieme verhouding!

Mag hierdie nuwe Torahsiklus waarlik ook vir jou 'n 'in die begin' oomblik wees – 'n nuwe begin om YHVH jou God en Sy Seun Yeshua beter te leer ken en deur die Afgesonderde Gees geleer en kragdadig ondersteun te word om in alles aan YHVH se Torah gehoorsaam te wees.

En onthou: Telkens wanneer ons weens menslike swakhede Vader se Torah oortree, en ons met ware berou vergifnis vra, word ons sonde vergewe en is dit as te ware weer 'n nuwe begin. Vader se onverdiende guns in Yeshua is altyd soos 'in die begin'!!

As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1 Joh. 1:9 – PWL.

Laat ons gebed ook soos die van Dawid wees:

Hou ook U dienskneg terug van verwaande sondes sodat die bose nie oor my heers nie, dan sal ek vrygespreek wees van my sondes. Laat die woorde van my mond en die oordenkings

van my verstand, wil en emosie aanvaarbaar wees voor U Teenwoordigheid, o יהוה*, my Hulp en my Loskoper!* Ps. 19:13 en 14 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Soos bespreek is die ontstaan en bestaan van elke mens die wil van YHVH. Bevestiging hiervoor is ook volgens Ef. 1:7 tot 14; Joh. 1:3; 1 Kor. 8:5 en 6; Ef. 3:8 tot 12; Kol. 1:15 tot 17 en Heb. 1:2. In die lig hiervan kan gevra word:

   - ❖ Mag ‘n mens besluit oor die lewe van ‘n ander mens, verwysend na aborsie en genadedood?
   - ❖ Wat van selfverdediging? Het ek die reg om die lewe van ‘n ander uit selfverdediging te neem?
   - ❖ Wat van die doodstraf vir moord en verkragting?
   - ❖ Het YHVH dit bestem om elke mens as Sy kind aan te neem, maar die keuse aan die mens oorgelaat of hy /sy YHVH se kind wil wees? Is net sommige uitverkies (bestem) om Vader-God se kinders te wees?

-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat shalom in Yeshua Messias.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.